

# DIE SKIETLOOD



SKIETLOOD: 90e Uitgawe 1 Julie 2016 saam met Koersvas 90

## Opgevaar

Jesus se hemelvaart lui die einde van Sy eerste koms in. Die hemelvaart is, net soos die maagdelike verwekking, 'n gebeurtenis wat saam met die opstanding van 'n fisiese liggaam, vir baie moderne mense nie geloofbaar is nie. Die hemelvaart word tradisioneel verstaan as die laaste van Jesus se verskynings aan Sy dissipels. Ons het reeds die verskillende verskynings aan Sy dissipels bespreek.

## **Wonders en tekens**

Die feit dat die hemelvaart hier behandel word, beteken nie dat dit nie as die laaste van Jesus se verskynings verstaan word nie. Dit is net dat die laaste van Jesus se verskynings as 'n wonder en teken verstaan moet word. Net soos die maagdelike verwekking, is die hemelvaart 'n wonder en 'n teken vir elke mens.

Agter die teken staan die handelende God wat besig is om Homself aan die mensdom te openbaar. Dit is nie vir 'n mens moontlik om God te sien en te bly lewe nie (Eksodus 33:22, Rigters 13:22). Die hemelvaart dien as teken van die handelende God. Die hemelvaart is 'n heenwysing na die wonder van God se openbaring.

As laaste en mees konkrete verskyning aan Sy dissipels, is Jesus steeds besig om geloof by Sy volgelinge te bewerkstellig. Die hemelvaart is die laaste episode van die inleiding na die tweede tyd, die nuwe skepping, die

herskepping wat deur die opstanding werklikheid geword het. Jesus word bekendgestel as die Seun van God, die tweede Persoon van die Triniteit. Let op, Hy word nie die Seun van God gemaak nie, Hy word **bekendgestel**, die sluiers word gelig op die ware identiteit van die een wat gekruisig is, gesterf het en opgestaan het.

Jesus se geboorteverhaal vertel vir ons dat Jesus "**van bo**" is, die hemelvaart bevestig dieselfde werklikheid, naamlik dat Jesus "**daar bo**" is. Die maagdelike verwekking was die wonder aan die **begin** van Jesus se tyd op aarde. Die hemelvaart is die wonder aan die **einde** van Sy lewe op aarde. Ons moet vashou aan hierdie konsep van 'n wonder, dit gaan help in verdere nadenke oor die aard van die gebeurtenis.

## **Taalpatrone en werklikheidsverstaan**

Dit is gerade om net enkele opmerkings te maak oor werklikheidsverstaan en taalpatrone. Die 21e eeuse mens sien die werklikheid anders as wat Jesus van Nasaret se tydgenote dit belewe het. Vir hulle was daar **drie verdiepings** tot die werklikheid, met die mens as inwoner van die middelste verdieping. Hemelvaart het impliseer Jesus gaan na die boonste verdieping, daar waar God woon. Hulle taalpatrone het hierdie werklikheid weerspieël. Ons kan nie op grond van ons veranderde werklikheidsverstaan, nou ongenuanseerd waarheidsaansprake maak nie. Net omdat ons nie die



werklikheid dieselfde verstaan en beskryf nie, maak nie dat iets nie gebeur het nie. Die aarde het intussen sy platheid verloor en rond geword. Ons weet dat die heelal **veel groter** is as wat ons verstand kan verstaan. Yuri Alekseyevich Gagarin het as eerste ruimtevaarder die propaganda-uitspraak gemaak dat hy in die hemel was en daar was niks. Ons uitdaging is telkens om antwoorde te bied op diesulke uitsprake. Dit beteken dat ons taalpatrone aangepas moet word om aan die een kant die Bybel se waarhede steeds te verwoord, maar daarmee saam ook verstaanbaar te wees vir die postmoderne mens. Ons kan met gemak woorde soos **werklikhede** en **dimensies** gebruik in ons soeke na die ou waarhede nuut verwoord.

### **Lokaal of geestelik**

Waar is die hemel dan indien ons dit nie so maklik lokaal kan aandui nie? Is die hemel dan net 'n geestelike ruimte wat deur God (en Sy engele) bewoon word? Daarbo of daar vêr? Kan ons enigsins steeds dink aan die hemel as 'n plek? Moet ons met ander woorde ophou om die **waar-** vraag te stel en net die **wat** vraag te stel? Met ander woorde nie meer vra na die waar van die hemel nie, maar net die wat van die hemel? Die maklike antwoord vir baie mense is om die kortpad te neem en die vraag te verander na "wat is die hemel?"

Reeds in die vraag is daar verskeie implikasies wat in ag geneem moet word. Die eerste daarvan is dat daardie lyn van denke nie erns maak met die getuienis van die Bybel nie. 'n Volgende problematiek ontstaan dan rondom die

fisiese hemelvaart van ons Heiland. Ons **nuwe kosmologie** maak die hemelvaart 'n **komplekse** begrip.

Die dogmatiek stuit voor skynbaar onoorkomelike struikelblokke. Die Lutherane verstaan die hemelvaart eerder as **toestandsverandering**, terwyl die Gereformeerde benadering die hemelvaart **ook as plekverandering** verstaan.

Toestandsverandering impliseer dat die hemelvaart aandui dat Jesus alle goddelike eienskappe kry. Na Sy verhoging is Hy byvoorbeeld met ander woorde **alomteenwoordig**. Indien dit korrek is, beteken dit dat Jesus ook liggaamlik die eienskap van alomteenwoordigheid gekry het. Hierteenoor vind ons in die Bybel duidelike sprake van 'n verandering van plek. In Handeling lees ons van beweging wanneer die hemelvaart beskryf word. Openbaring **lokalisier** Jesus ook in die hemel.

Die grootste struikelblok vir die Lutherane is dat hulle nie die formule van Chalcedon behoorlik in ag neem nie. Die konsilie van Chalcedon het die aard van Jesus se twee nature (**ware God en ware mens**) in vier negatiewe stellings verwoord. Hierdie verstaan van die Tweede Persoon se aard word as die **ortodokse geloof** verstaan. Volgens hierdie besluit moet ons Christus se twee nature verstaan as sonder **vermenging**, sonder **verandering**, sonder **verdeeldheid**, sonder **verdeling/skeiding**.

Na die inkarnasie is hierdie terme (Chalcedon) die beskrywende terme wat gesprek oor Jesus stuur. Sy dood en

opstanding het hierdie situasie nie opgehef nie, en so ook nie die hemelvaart nie. Die hemelvaart het teen die agtergrond van Chalcedon nie gemaak dat die twee nature so opgehef is dat Sy menslike natuur in die goddelike opgeneem is nie.

### **Fisies en plek**

Die beskrywing van die hemelvaart soos ons dit in Handelingte terugvind, laat geen twyfel by ons dat daar 'n plek verandering impliseer word nie. Die dissipels sien dit wat vir hulle bevatlik is. Het hier 'n wesensverandering plaasgevind? Die belydenisskrifte suggereer dat die antwoord 'nee' moet wees. Ons kan nie aan die hemelvaart dink as dat Jesus se **wese verander** het nie.

Die Nederlandse Geloofsbelijdenis (NGB) stel in artikel 19: *DIE TWEE NATURE VAN CHRISTUS. Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is; dat daar dus nie twee Seuns van God of twee persone is nie maar twee nature in een Persoon verenig, terwyl elke natuur nogtans sy onderskeie eienskappe behou. Net soos die Goddelike natuur altyd ongeskape gebly het, sonder begin van dae of lewenseinde (Heb. 7:3) en hemel en aarde vervul, só het ook die menslike natuur sy eienskappe nie verloor nie; dit het skepsel gebly, wat wel 'n begin van dae het, eindig van natuur is en alles behou wat by 'n ware liggaam behoort. **Hoewel Hy daaraan deur sy opstanding onsterflikheid gegee het, het Hy die egtheid van sy menslike***

***natuur nie verander nie, omdat ons saligheid en ons opstanding ook van die egtheid van sy liggaam afhanklik is. Hierdie twee nature is só saam in een Persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van mekaar geskei was nie.***

Die Heidelbergse Kategismus stel vir Sondag 18:

*46 Vraag: Wat verstaan jy onder: wat opgevaar het na die hemel?*

*Antwoord: Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem en Hy is vir ons daar ten goede, totdat Hy terugkom om reg te spreek oor die lewendes en die wat alreeds gesterf het.*

*47 Vraag: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons belooft het nie?*

*Antwoord: Christus is ware mens en ware God. **Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie, maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie.***

*48 Vraag: Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?*

*Antwoord: Nee, glad nie. **Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig**. Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid is, maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.*

*49 Vraag: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?*

*Antwoord: Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is. Ten tweede **dat ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem.** Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie na wat op die aarde is nie.*

Die vetgedrukte gedeeltes is my eie beklemtoning.

Uit bostaande is dit duidelik dat die **ware menswees** en die **ware Godheid** van Jesus Christus ernstig geneem moet word, selfs in ons nadenke oor die hemelvaart. Daarmee saam vind ons in die Bybel genoeg getuienis van die hemel as 'n lokaal, al is die aard daarvan nie vir ons duidelik nie. God woon onder Sy volk, Hy is in die tempel in Jerusalem, Hy is op die berg. Die nuwe Jerusalem kom uit die hemel neer. God se heerlijkheid word van tyd tot tyd in menslike plekke openbaar.

Dieselfde taalgebruik vind ons wanneer God se woonplek beskryf word. Jesus se hemelvaart is Sy terugkeer na die ruimte wat God kies en inruim. Na die aard van daardie ruimte kan ons nie vra nie, dit is nie inligting wat aan ons gegee word nie.

Jesus se hemelvaart moet nie net verstaan word as die einde van Sy aardse teenwoordigheid nie, maar moet ook gesien word as 'n afskeid. Hy belowe wel om by Sy volgelingen te wees, maar hierdie nuwe teenwoordigheid sal deur die Heilige Gees bemiddel word.

Hy het afskeid geneem omdat Hy na 'n ander plek toe gaan, 'n plek wat nou so verruim is dat selfs die menslike natuur daar kan tuis kom.

Dit is saam met afskeid ook die begin van 'n tussentydse bedeling. Hy verlaat hierdie plek maar gaan terugkom na hierdie plek toe. Hemelvaart impliseer wederkoms **omdat Hy die twee** aan mekaar koppel.

### **Sit aan die regterhand**

Daar is reeds verwys na die feit dat die hemelvaart Jesus se ware identiteit aan Sy dissipels onthul. Hierdie saak moet nou verder verduidelik word. Met taalgebruik wat visueel aangebied word, bely ons in die belydenis iets wat nie gesien kan word nie. "Sit aan die regterhand" is beeldetaal om 'n ewige werklikheid te verwoord.

Eie aan die tyd en kultuur van hulle tyd, het die gelowiges uiting gegee aan die feit dat Jesus mag, gesag en heerlijkheid **opgeneem** het.

Regterhand is die plek van mag en heerlijkheid. Die "**sit**" impliseer dat hierdie nuwe situasie van **permanente** aard is. Dit is logies om te aanvaar dat die ryk van God die ryk van Christus is. Hy het immers aan Sy dissipels vertel dat alle mag op die aarde en in die hemel aan Hom gegee is. Hier is geen sprake van mag wat oorgedra of terug geneem kan word nie. Dit is die mag van die Triniteit.

Dit is nie 'n nuwe posisie wat deur Christus ingeneem word nie. **Die taalgebruik wil gewoon aan ons oordra dat die aard van die Tweede Persoon nou onthul is**, die sluier is

gelig en almal weet nou dat Hy van ewigheid regeer het en tot in ewigheid sal regeer. Jesus is en was Here van die skepping, en die heerlikheid wat Hy beklee, kan net verkondig word, sonder dat ons dit voor die wederkoms sal kan aanskou.

**Na afgehandel kom die teenswoordige tyd.**

Die taalgebruik in die geloofsbelydenisse val op. Tot en met die hemelvaart word die perfektum (voltooide verlede tyd) gebruik. Nou verander die tydsaanduiding van die belydenisse en word daar oor die hede gepraat. Daar sal ook oor die toekoms gepraat word. Met die hemelvaart is die heilswerk van God met ons perfek afgehandel. Nou begin die volgende tyd, 'n tyd wat ook tot 'n einde sal kom.

**Die tyd van die kerk.**

Na die hemelvaart, is die nuwe bedeling die tydperk van die kerk. Die kerk moet nou aan almal die Evangelie gaan verkondig. Mense moet glo sonder om te sien. Daar sal nou nie weer 'n tyd van aanskoue wees voor die wederkoms nie. Jesus se hemelvaart na Sy belofte dat Hy met ons sal wees tot aan die einde van tyd, skep die verwagting dat Sy teenwoordigheid moet realiseer en dat daar 'n einde aan alles sal wees. Ook aan tyd.